# Hoofstuk van die dag: Lukas 23

> *Pilatus het toe besluit dat aan hulle eis voldoen moes word. (vers 24)*

Pilatus het geweet Jesus is onskuldig; trouens, hy het dit self drie maal gesê (vers 4, 14 en 22). Selfs Herodes Antipas kon nie skuld in Hom vind nie (vers 15). Tog stuur Hy Jesus na Golgota. Sy eie politieke posisie, sy vrees vir die woedende Jode en sy gerief weeg swaarder as reg en geregtigheid.
Ons Here is gekruisig omdat Pilatus eiebelang gekies het en teen sy beterwete in 'n onskuldige laat doodmaak het en 'n moordenaar vrygelaat het.
Gedienstigheid, selfsug, kruiperigheid, vrees, gierigheid, populariteit – vandag nog maak mense keuses om al die verkeerde redes. Ons sien dit in die politiek, by die werk, selfs tussen vriende. Die maklike uitweg is egter meestal die verkeerde een. Ons keuses as gelowiges mag nooit deur eiebelang gemotiveer word nie. Nee, ons keuses moet gewortel wees in die Christelike waardes van liefde, waarheid, nederigheid, bedagsaamheid.
Tot vandag toe stink Pilatus se naam omdat hy 'n swakkeling was wat nie wou opstaan vir wat reg is nie. Spreuke 22:1 sê: "'n Goeie naam is meer werd as groot rykdom, die goeie gesindheid van ander meer as silwer en goud."
Op grond waarvan maak jý jou keuses?

## Onlangse Bydraes


- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke

© Bybelkoerant 2018 – 2026